Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BAHons Bybel- en Godsdienskunde (01240393)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	120

Toelatingsvereistes

- ’n Goedgekeurde driejarige baccalaureusgraad of ’n vergelykbare graad met minstens 360 krediete.
- Ten minste 30 krediete moet in Bybelkunde/Bybel- en Godsdienskunde op jaarvlak 3 wees met uitsonderings soos deur die departementshoof goedgekeur.
- Onderwys- en ander ondervinding in ’n relevante studieveld sal in aanmerking geneem word.
- Daar kan van voornemende studente verwag word om addisionele modules te doen ten einde die vereiste vlak van studie te bereik

Addisionele vereistes

• Onderwys- en ander ondervinding in ’n relevante studieveld sal in aanmerking geneem word.

• Daar kan van voornemende studente verwag word om addisionele modules te doen ten einde die vereiste vlak van studie te bereik.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Bybel in Afrika-konteks 762 (BYB 762)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Na die bestudering van hierdie module behoort die student insig te hê oor hoe Bybeltekste in die Afrika-konteks gelees en verstaan word.

Nuwe Testament teologie 754 (BYB 754)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om die onderliggende beginsels en oorsprong van die teologie van die Nuwe Testament te verstaan.

Teorie van Bybelse uitleg 755 (BYB 755)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om insig te verkry in die proses van die Bybelse uitleg en om in staat te wees om die verskillende benaderings tot Bybeluitleg te evalueer.

Navorsingsverslag 751 (BYB 751)

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Na die bestudering van hierdie module behoort die student in staat te wees om wetenskaplike werkstuk te skryf en van bronne in die biblioteek gebruik te maak.

Godsdienskunde 760 (BYB 760)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om die student bewus te maak van godsdienskunde en sy verskillende onderafdelings. Die doel is verder om die student inleidende oorsig van paar wêreldgodsdienste te gee.

Nuwe Testament eksegese 759 (BYB 759)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

In hierdie module doen die student die uitleg van geselekteerde tekste uit die Nuwe Testament.

Bybel en die kunste 763 (BYB 763)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week

Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die eerste doelstelling van hierdie module is dat die student oorsig kry van die rol van musiek in die Bybel, die verhouding tussen musiek en godsdiens in die algemeen raak te sien en te verstaan watter rol musiek vanuit godsdienstige perspektief in die Westerse samelewing en sub-Sahara Afrika speel. Die tweede doelstelling is om die student in staat te stel om die verhouding tussen die visuele kunste en godsdiens (Christendom) in die geskiedenis te bepaal. Spesiale aandag word gegee aan tendense in spesifieke tydvakke, asook die godsdienstige aspekte en betekenis van geselekteerde kunswerke.

Ou Testament Teologie 753 (BYB 753)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om oorsig te kry van verskillende aspekte van die Psalmboek. Dit moet daartoe lei dat die student die verskillende teologieë in die Psalmboek kan identifiseer en verstaan.

Hermeneutiek 756 (BYB 756)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

In hierdie module word verskillende faktore beklemtoon wat betrokke is by die interpretasie van die Bybel. Verskillende modelle van Bybelinterpretasie word behandel.

Bybelse argeologie 757 (BYB 757)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Na die bestudering van hierdie module behoort die student in staat te wees om Bybelse argeologie te definieer asook die verskillende metodes en die bydrae wat dit tot die Bybelse verstaan lewer, te bespreek. Die student moet verder in staat wees om belangrike plekke en objekte argeologies in Jerusalem te ondersoek: Die godsdienstige betekenis, geografie en geskiedenis van Jerusalem word vanuit argeologiese perspektief toegelig.

Bybelse etiek 761 (BYB 761)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Etiese vraagstukke is in die Suid-Afrikaanse samelewing belangrik. Menseverhoudinge vorm die basis in die kerk en samelewing. Hierdie module gee aandag aan etiese riglyne

Agtergrond van die Bybel 752 (BYB 752)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om die student vertroud te maak met sekere aspekte rondom die agtergrond en wêreld waarin die Bybel ontstaan het.

Ou Testament eksegese 758 (BYB 758)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Bybel- en Godsdienskunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Na die bestudering van die module behoort die student in staat te wees om die aard, samestelling, navorsingsgeskiedenis en betekenis (boodskap) van die boeke Spreuke en Prediker te bespreek. Dit sal verwag word dat die student vertaling asook die literêre vorm en betekenis van geselekteerde tekste moet bespreek.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.